

BEROEPENUUS— (18 Augustus 2013)**Beroepe ontvang**

Ds. P Cilliers van Daniëlskuil/Delportshoop na Krugersdorp-Wes

Beroepe bedank

Ds. CJ van Heyningen van Stellenbosch na Rietvallei as medeleraar

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is muriel@muriel.co.za. Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

GEMEENTEKAMP— Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennisgewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak— 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U – JA Breytenbach- *Vervolg van verlede week*

Die voorsitter van die algemene sinode, die moderator, mag dan namens die kerk praat, selfs nadat die sinode verdaag het. "Kerk" sluit ook al die werksaamhede van die sinodes in. Die ringe en sinodes is nie net vergaderinge van kerke nie, maar het ook die betekenis van iets blywends. Die sinodes onderneem sending en ander werksaamhede. Die kerkorde word gesien as 'n stel reëls wat die werking van wette het waaraan die sinode die gemeentes bind. 'n Aktuaris (verkoosde amptenaar van die sinode) is nodig om dit uit te lê. Dit is belangrik om kerk-wetlik korrek te wees in geval 'n saak in die burgerlike hof getoets word. Die kentekens van die ware kerk soos dit in die Nederlandse Geloofsbelijdenis gestel word, word so toegepas op die "groot" kerk, die geheel van al die gemeentes. In soverre hierdie tekens of sommige daarvan nog gevind word in die meeste gemeentes, word daar gesê, is die kerk nog ware kerk. *Word vervolg*

Vandag – Adriaan Boersma 0828872272	23/08– Gerhard Krüger 0829088123
Vandag – Petro Riphagen 0833761960	24/08– Winnie Lourens 0837434930
Vandag – Sonja van der Dussen 0824137309	25/08– George Jacobz 0764085026
20/08– Linda van Schalkwyk 0828736934	25/08– Divan le Roux 0828181472
22/08– Christo Venter 0732109257	25/08– Nandor Sarkady 0723655078
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

‘n Man moet vóór wees om van agter in die rug gestee te word—CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)www.gkpretoria.org.za OFwww.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

18 Augustus 2013

**EERSTE EREDIENS—(9h00)**

(Voorbereiding)

Skriflesing: 2 Kronieke 36:14-23;

Levitikus 25:1-7

Teks: 2 Kronieke 36:21**Sing:** Ps. 84:1,2; Ps. 32:5; Ps. 55:1,7;

Ps. 40:5

GROND MOET RUS

By die Nagmaal besef ons, jy as mens het rus nodig, maar weet u hoe belangrik beskou God dit, dat daar vir grond ook rus moet wees. 'n Sabbat vir die land word dit genoem.

Ja, daar was in die tyd van Moses duidelik gemaak ses jaar mag die grond bewerk en besaai word, haal die beste oes-te wat jy kan van die grond af maar het die Here gesê, ná elke ses jaar, m.a.w. met die sewende jaar moet dit 'n jaar van volkome rus vir die grond wees. Die Here beskou dit as deel van sy Sabbat, ook as die grond moet rus. Die aarde moet ook sy Sabbatsrus kan geniet.

KATKISASIE— Katkisasie gaan voort**TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)****Skriflesing:** Psalm 53; Romeine 10**Teks:** Psalm 53:2; Romeine 10:9-10**NGB:** Artikel 1**Sing:** Ps. 32:3; Ps. 53:1,4; Ps. 91:7**DAAR ÍS 'N GOD**

Guido de Bres was maar klein toe die reformasie begin het maar sy geloof het gou geblyk nie klein te wees nie. Gewone mense was nie toegelaat om die Bybel te lees nie, tog het De Bres 'n honger na die Woord van die Here gehad.

As jongman besef hy sy eie verlore toestand maar watter blydskap om te weet Jesus het gekom vir één soos hy. Jesus het gekom om sondaars salig te maak. Hierdie belydenis wat eenvoudig aanvaar dat God daar is, dit het ons ontvang uit die hand van hom wat vir hierdie geloof gemartel is.

Ons begin vandag met hierdie wonderskone belydenis dié Nederlandse Geloofsbelijdenis .

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)**Vandag-Wyke 7 en 8**

Ouderlinge: Nico van der Dussen
Diakens: Gerhard Krüger

Volgende Sondag– Wyke 10 en 11

Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis
Diakens: Nico Venter en Stephan du Plessis

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL

MEKAAR SE VREUGDES...

Br Piet van der Kooi se gesondheid gaan heeltyd agteruit. Hulle het verskuif na Fleurenville, waar hy nou tuis versorg word. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br Dries de Ridder** word aan die genadetroon van die Here opgedra en volle herstel toegebied, in sy gesondheidstoestand. **Sr Linda van Schalkwyk** wat Donderdag skielik baie sleg begin voel het word spoedige herstel toegebied. **Br. Kallie Tromp** word na sy gesondheidterugslae volle herstel toegebied. **Br Jan Fanoy** moet DV op 20 Aug. 'n operasie ontvang om baie vroeë kwaadaardigheid te verwyder. Ons dink aan hom en gesin en bid dat die Here hom hierdeur sal dra. **Ds. Charles Zulu in Zambië se eggenote Roda** het laaste tyd baie las van haar gesondheid. Sy is weer ge-ruime tyd in Lusaka vir behandeling. Ds. Charles moet ook vir mediese ondersoeke gaan. Ons dink ook aan hulle wat uit ons gemeente geroep is en daar vër moet arbei. **Br Lemmie v/d Linde**, van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Ons vertrou dat die Here hom in sulke dae krag mag gee. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig – kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIË– VOERTUIG
Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R80 000 kerf bereik. Ons poog om 'n verdere R50 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië. n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.
http://bit.ly/105wmGY

As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

SPYSKAART VIR ETE NA NAGMAAL
Herderspastei of hoenderpastei. Gemengde ertjies en wortels, Pampoenkoekies/poffertjies/tert, Broodjies botter en konfynt. Bestuur bring nagereg en vla

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaat
2de diens	DVB	Instandhouding
25/08/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Emeritaat
2de diens	DVB	Instandhouding

Spes.-kollekte in die vooruitsig gestel
Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
25/08	Nagmaal en Nabetragting
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

BYBELVERTALING 80 JAAR GELEDE

Op 25 Aug. 2013 om 17:00 sal by die Senotaafsaal (Voortrekkermonument) 'n feestelikeheid wees vir die herdenking van die 80ste jaar van die eerste Afrikaanse Bybelvertaling. Die diens word gelei deur prof. Cas Vos en daar sal gepraat word oor dié Bybelse invloed op die kultuurlewe

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 5:8

So word lig eers sigbaar wanneer dit deur iets weerkaats word.

Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het en in die hart van 'n mens nie opge-kom het nie, het God berei vir die wat Hom liefhet (1 Kor 2:9). Die gelowige word nie beskaam wanneer die vyand vra "Waar is jou God?" nie.

Totius sluit die preek oor hierdie saligspreking af op sy bekende digterlike (en profetiese) wyse:-

As ons in die heerlijkheid die oë oopmaak sal ons oor God hoor: "Dáár is Hy; daar is sy lig, wat soos 'n son agter u gesigseinder opkom; dáár is Hy, Hy kom voort uit die onpeilbare blou van sy eie wese; dáár is Hy in die aangesig van Jesus Christus! O, mag dit ons deel wees!"

5:9

Die saligsprekinge is deur Totius vergelyk met 'n Jakobsleer. Die onderste deel raak aan die aarde, met die armes van gees, en die spits aan die hemel, met die kinders van God. "Daar is opeenvolging op grond van innerlike drang." Die engele beweeg daar op en neer. Dit gaan van saligheid tot saligheid. Nou kom Jesus by die

Vredemakers

Die wêreld is soos 'n osean wat teen eilande en strande skuim, maar selfs in sy dieptes is daar deining. "Hier is nie rusplek nie." Duisende sug en vra "hoelank nog?" In 'n preek (waarskynlik tydens een van die twee wêreld-doorloë) wys hy op vokeremoord en wêreld-brand.

Maar God laat profeteer van vrede. In Jes 57:19 sê God: "Ek skep die vrug van die lippe; vrede, vrede vir die wat ver en die wat naby is." Die woord "vrug" kan ook vertaal word met "pragspruit". Vrede is die "hoogste en edelste bloei van alle profesie." So bring Christus, ons hoogste Profeet ons by "Salig is hy wat die goddelike vrede deelagtig is en wat nou self in die wêreld vrede stig." Deur Sy lyding en opstanding het Hy die Vrededevors geword. Die hoogste goed is bereik.

Meer word bedoel as net "vreedsames". Dit is die vreedsame persoonlikheid wat hom na buite laat geld. Hy eer vader en moeder, totius vriendelikheid en wil vrede bewerk. Totius werks aan hierdie vers as deel van die gelowige se pligte: "om die wat in tweedrag verkeer, te versoen." In 'n preek oor Openb 6, die begin van die smarte, stel hy dat selfs in daardie allereergste tye die gelowige alles sal doen om vrede te bevorder en vurig bid daarvoor.

Hierdie vrede kan alleen uit rein harte kom. Wêreldse vrede is daarom van korte duur. Dit is sonder opregtheid, vol bybedoelings, bedrog en lis, wat eers afgestroop moet word voordat dit by die vrede van Christus kan kom.

Eers moet ons onself oorwin. Vrede word nie deur oorlog gewen nie.

In die Koninkryk is daar nie die skyn van aardse vrede nie. Soos die vrede van God in ons groei, sal ons vrede stig. Rein van hart, aanskou hulle God. Dit gaan bo aardse denke uit, en hulle ervaar vrede wat alle verstand te bowe gaan. As God met ons is, wie kan teen ons wees? Met die vrede van God in die hart, kan hulle vir ander vrede bring. Hulle sien God, en besit die krag om ander uit die modder te trek en hulle voete op vaste rots te plaas.

Helaas, hoe min ken ons hierdie vrede! Tog sal die einde salig wees.

Kinders van God genoem

Name by mense beteken vir ons veelal niks, want dit gee nie hulle wese weer nie. As God 'n naam gee, is daardie mens wat die naam sê. So gee Christus op hierdie hoogtepunt van die saligsprekinge 'n allesomvattende naam aan die vredemakers.

As kinders van God ontvang hulle 'n hoër adel as wat enige afkoms van mense kan gee. Kinders van God genoem, omdat hulle dit is. 'n Dissipel dra die stempel van sy Meester; hy word weer beeld van God. Wat in die Paradys verloor is, word teruggegee (Rom 8:29; Kol 3:10).

Vergelyk dit met 'n blom wat in die son staan. Hy neem die glanse en kleure van die son in hom op. Neem die sonlig weg en die blom verbleek.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; 2 Aug. 1778– Erasmus Smit geestelike leier van Voortrekkers gebore; 3 Aug. 1853– Eerste Alg Kerkvergde op Potchefstroom; 3 Aug. 1863– Erasmus Smit oorlede; 4 Aug. 1688– Derde skip met Franse Hugenote vertrek uit Nederland; 5 Aug. 1866– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burgersdorp; 8 Aug. 1881– Teruggawe van Transvaal deur England; 10 Aug. 1783– Geboortedag van Louis Trichardt; 13 Aug. 1901– Kmdt. Kalman Lion Cachet sneuwel; 18 Aug. 1665– Eerste vaste predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; 20 Aug. 1653– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. Johannes Backerus; 24 Aug. 1572– Barthomeusnag; 25 Aug. 1688– Aankoms van eerste Franse Hugenote, 27 Aug. 1933– Eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel in gebruik geneem; 28 Aug. 1887 Jopie Fourie gebore